

20 Maart

Skrifgedeelte: 2 Konings 11

Fokusgedeelte: 2 Konings 11:16 en 17

'n Lewe sonder God lei tot ondenkbare boosheid

Ons weet dat die geloof van vroue die bindingskrag van 'n volk is. 'n Ongelowige vrou kan egter ook met haar invloed verwoesting saai. In Deuteronomium 17 waarsku God dat Israel se konings nie baie vroue moet trou nie. Later het heidense vroue baie konings van Israel en Juda tot nuwe laagtepunte van ongehoorsaamheid en afgodery verlei. Isébel, Agab se eggenote, was so 'n vrou.

Atalia, haar dogter, het haar selfs in boosheid verbygegaan. Nadat koning Ahasia en Agab se geslag deur Jehu gedood is (2 Kon 9 en 10) om die Here se straf oor Agab se huis te voltrek, het Ahasia se ma, Atalia, probeer om haarself en haar bouse ryk in Juda te beskerm. Genadeloos is enige moontlike politieke teenstander uitgewis. Onder haar slagoffers, was selfs van haar eie kleinkinders! Hoe kan iemand so ver daal? Die Bybel leer dat dit moontlik is, en daarin is 'n waarskuwing. Geloof en ongeloof loop bitter moeilik in een familie saam. Soos haar bouse moeder Isébel, was Atalia 'n vurige aanhanger van die immorele Baälkultus. Sy het ook haar seun Ahasia, koning van Jerusalem, op hierdie verkeerde pad gelei. In 'n samelewing sonder God se Woord is enigiets moontlik. Atalia het, soos haar ma, lynreg teen die diens van die Here gekies. 2 Kronieke 24 beskryf hoe Atalia die diens van die Here stopgesit het. Selfs die offers wat aan God gewy was, het sy vir Baäl aangebied. Uiteindelik word sy 'n gewetenlose moordenaar.

Die Here laat Hom egter nie bespot nie. Deur die Here se beskikking word een van Atalia se kleinkinders, Joas, weggesteek, en kort daarna sterf Atalia (vs 16). Later word Joas as jong koning die Here se instrument om die ware diens van die Here weer in Juda te herstel.

Die staan of val van 'n volk word by dié vraag beslis: Ken jy die pad van die Here, of kies jy die dwaalweg van ongeloof en heidendom? 'n Lewe sonder God kan selfs 'n vrou in 'n wrede monster verander. Christus leer in Johannes 15 dat ons sonder Hom niks kan doen nie. Sing: Psalm 97:3, 4 (Cloete)

Ds KAJ van Rensburg (Paarl)